SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 24 MEI 2020

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio en teks Bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za. Om by die bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos na die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

AMATEUR RADIO VANDAG NET SO RELEVANT SOOS 95 JAAR GELEDE

DIE EERBARE AO-7 SATELLIET LEWER NOG STEEDS

en

PLAASLIKE SPESIALE GELEENTHEID STASIES

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

Ons begin hierdie bulletin met nuus van n stil sleutel:

Dit is met leedwese dat ons moet aankondig dat die sleutel van Garfield Brian Blake, ZR6ESJ op Woensdag 6 Mei 2020 stil geword het. Hy het Guillain-Barré (gee-YAH-buh-RAY) Sindroom gehad.

Ons betuig ons innige meegevoel aan sy vrou, familie en vriende.

POUSE

AMATEUR RADIO VANDAG NET SO RELEVANT SOOS 95 JAAR GELEDE

Op 20 Mei 1925 word die Suid-Afrikaanse Radio Herlei Liga (SARRL) gestig, net 'n maand nadat die wêreld se radio-amateurs in Parys vergader het om die wêreld liggaam te vorm, die Internasionale Amateur Radio Unie. In 'n media verklaring oor die SARL 95-jaar herdenking, het President Nico van Rensburg, ZS6QL gesê, "Amateur Radio het die toets van die tyd deur staan, omdat dit gebaseer is op drie belangrike riglyne: kommunikasie tussen mense, deurlopende tegnologie-ontwikkeling en self opvoeding en opleiding."

Die geskiedenis van Amateur Radio dateer uit die dae van Marconi en ander vroeë radio eksperimenteerders wat in die laaste jare van die 19de eeu die wêreld verstom het dat 'n mens kon kommunikeer sonder drade. In Suid-Afrika is die vroeë radio eksperimente uitgevoer deur 'n telefoon tegnikus, Alfred Jennings, in Port Elizabeth, wat al in 1899 draadlose kommunikasie gedemonstreer het.

Radio amateurs in verskillende dele van Suid-Afrika het draadloos verenigings gestig wat in 1925 saam gevoeg is in een nasionale liggaam, die SARRL. Die woord 'Herlei' is in 1947 verwyder.

Dit was die eksperimenteerders in die amateur radio-broederskap wat in die vroeë dae van die radio bewys het dat kortgolwe oor die hele wêreld voortplant. In die moderne tyd het hulle die wêreld die waarde van lae aarde-wentelende satelliete getoon, vandag die ruggraat van GPS en binnekort die breëband-satellietverbindings, sodra die Starlink-konstellasie van Elon Musk voltooi is.

Sedert die begin van die amateur radio diens aan die begin van die vorige eeu, het radio amateurs belangrike bydraes gelewer tot radio tegnologie en die begrip van die radiowetenskap. Hierdie werk word vandag voort gesit, aangesien die primêre doel van die amateur radio diens die voortsetting en uitbreiding van die bewese vermoë van die amateur is om by te dra tot die bevordering van die radio kuns.

Onlangse vooruitgang op die gebied van rekenaarkunde, sagteware-gedefinieerde radio en seinverwerking bied ongekende geleenthede om aan hierdie mandaat te voldoen. Hierdie geleenthede begin alreeds realiseer met die koms van stelsels soos die Omgekeerde Baken Netwerk (RBN), die Swak Sein Voortplanting Verslag Netwerk (WSPRNet) en PSKReporter. Benewens dat dit radio amateurs toelaat om wettige wetenskaplike waarnemings te maak en by te dra, sal dit amateur radio blootstel aan 'n groter gemeenskap regoor die wêreld wat belangstel in wetenskap.

Op die wetenskaplike front van Amateur Radio versamel die SARL data oor die radio frekwensie geraasvloer. RF-geraas monitering is deel van 'n internasionale veldtog om die toename in die RF-geraasvloer te kwantifiseer as gevolg van die wydverspreide gebruik van toestelle wat geraas genereer as 'n onbedoelde gevolg. Die vinnige toename in die RF geraasvloer is baie kommerwekkend, omdat die afhanklikheid van radio teen 'n eksponensiële tempo toeneem. Dink net aan selfone, draadlose internetverbinding en die hele wêreld van IoT.

Die Suid-Afrikaanse Radio-liga het 'n moniteringstelsel ontwikkel wat aangedryf is deur 'n Raspberry Pi en 'n RF-dongle. Daar is tans te min moniterings punte, daarom beplan die SARL om na universiteite en tegniese hoërskole uit te reik om by die projek aan te sluit en om ontvangers op hul kampusse op te stel. Op die oomblik neem slegs 'n paar radio amateurs aan die projek deel, maar sodra die inperking iets van die verlede is, word gehoop dat meer radio amateurs, universiteite en hoërskool wetenskapklubs betrokke sal raak.

Radio amateurs het baanbrekerswerk gedoen met lae aarde satelliet kommunikasie en het onlangs toegang tot die eerste amateur-radio-geostasionêre satelliet verkry wat 24-uur-kommunikasie regoor Afrika, Europa en die Midde-Ooste lewer. 'n Suid-Afrikaanse groep, AMSAT SA, bou tans 'n sagteware-gedefinieerde radio (SDR) aangedrewe CubeSat as deel van sy voortgesette ontwikkeling van radio-satelliet-tegnologie.

Nico van Rensburg het gesê dat kommunikasie een van die pilare van Amateur Radio is. Dit het al die uitdagings van die internet en die selfoon teëgestaan. Amateur radio was in werklikheid die eerste sosiale netwerk ter wêreld, dekades voor Twitter en Facebook. Om met vriende te praat en om vriende te maak in Suid-Afrika en die wêreld is onbetwisbaar en sal altyd die rede bly waarom baie betrokke bly en die jonger geslag toenemend belangstel. "Dit is die betowering van die etergolwe wat mense trek. Een van die ruimtevaarders wat van die internasionale ruimtestasie met 'n jong persoon via 'n amateur-radio gepraat het, sê die betowering van radio oortref alles, selfs hier in die ruimte!"

MY PROJEK

Kry jou "My Project" artikel in na Radio ZS teen Dinsdag 26 Mei om in lyn te wees vir die tweede SARL Lidmaatskap prys. Stuur daai artikel na radiozs@sarl.org.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

DIE EERBARE AO-7 SATELLIET LEWER NOG STEEDS

Die amper 46-jarige amateur-satelliet AO-7 het op 4 Mei 'n merkwaardige kontak moontlik gemaak tussen Diego Feil, LW2DAF, in Buenos Aires, Argentinië (GF05RK), en Tom Ambrose, ZS1TA, in Kaapstad, Suid-Afrika (JF95FX). Die kontak strek oor 6 966,85 km oor die Suid-Atlantiese Oseaan, met albei stasies wat slegs 2 of 3 grade bo die horison gerig het.

Albei stasies het 'n paar weke lank die voorspellings van die wentelbaan dop gehou en die kere dat hulle AO-7 op dieselfde tydstip kon "sien", het net af en toe voor gekom. Elektriese geraas, veral in Kaapstad, het vroeër pogings belemmer, maar op die oggend van 4 Mei was die geraasvlakke laag; 'n perfekte kontak was moontlik met 'n volledige uitruiling van roepsein en verslae.

In 2016 het Dave Swanson, KG5CCI, in Arkansas, en Eduardo Erlemann, PY2RN, in Brasilië, 'n afstand mylpaal op AO-7 behaal en 'n geskeduleerde kontak voltooi met 'n berekende afstand van net meer as 8 012,9 km, wat Swanson op daai tydstip gesê het is, was "ver buite die teoretiese omvang van AO-7" en 'n prestasie wat "die wiskunde gesê het, dit nie moontlik sou wees nie."

(Dank aan AMSAT Nuusdiens)

PLAASLIKE SPESIALE GELEENTHEID STASIES

Daar is twee plaaslike spesiale geleentheid stasies waarna jy kan uit kyk. ZS95SARL vier die 95ste verjaardag van die SARL en ZS1820S vier die 200ste herdenking van die landing van die 1820 Setlaars. Albei roepseine is aktief op HF en ZS95SARL is ook op die satelliete aktief.

Gedurende Oktober vier die Astronomiese Vereniging van Suid-Afrika sy 200ste bestaansjaar. Dit is in Oktober 1820 in Kaapstad gestig. Hier is 'n geleentheid vir nog 'n spesiale geleentheids stasie.

'N NUWE SATELLIET BOEK EN DUBBEL BAND YAGI BESKIKBAAR

Die nuwe ARRL "Amateur Radio Satellites for Beginners" is nou in Suid-Afrika beskikbaar. Jy kan al die inligting vind wat jy nodig het om kontak te maak deur amateur radio satelliete en selfs met die Internasionale Ruimtestasie in hierdie boek.

Die AMSAT SA 2 m / 70 cm hand draagbare Yagi is weer beskikbaar. Besoek www.amsatsa.org.za vir meer inligting oor die satelliet boek en die Yagi.

KOMPETISIE-UITSLAE

Die eerste been van die ADV Buis QSO Geselligheid is gehou op 2 en 3 Mei 2020. Daar is 8 logstate ontvang vir die AM-afdeling met 30 deelnemende roepseine. Daar is 13 logstate ontvang vir die ESB-afdeling met 117 deelnemende roepseine.

AM

1ste Thanie Gibson, ZS4AZ - 40 punte FT101

2de Johan van Zijl ZS4DZ - 36 punte FT101

3de Helge Braithwaite, ZS6HB - 12 punte FT101B

ESB

1ste Henry Stephan, ZS6MC - 132 punte Collins S Line

2de Helge Braithwaite, ZS6HB - 112 punte TS 830s

3de Johan van Zijl, ZS4DZ - 110 punte FT101

Dankie aan almal wat dit so suksesvol gemaak het.

Die Kompetisie komitee het 18 logstate ontvang vir die POP Naelloop wat op Woensdag 13 Mei 2020 gehou is.

1ste Christie Grobbelaar, ZS4CGR - 62 punte

2de Ludwig Combrink, ZS5CN en Sid Tyler, ZS5H - 50 punte

4de Johan van Zijl, ZS4DZ - 47 punte

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan bly. Tans is daar geen sonvlekke sigbaar nie. Diegene wat hulle eie frekwensie voorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral met sonsopkoms en sonsondergang goeie DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag.

Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

30 en 31 Mei – die CQ WPX GG Kompetisie

6 Junie – die SARL BHF/UHF QSO geselligheid

14 Junie – die Hammies Naelloop

16 Junie – die SARL Jeug Naelloop (Jeugdag)

17 Junie – Wêreld QRP Dag

18 tot 22 June – die SARL Top Band QSO geselligheid

20 Junie – Winter sonstilstand

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Op 20 Mei 1925 word die Suid-Afrikaanse Radio Herlei Liga (SARRL) gestig, net 'n maand nadat die wêreld se radio-amateurs in Parys vergader het om die wêreld liggaam te vorm, die Internasionale Amateur Radio Unie.

In 'n media verklaring oor die SARL 95-jaar herdenking, het President Nico van Rensburg, ZS6QL gesê, "Amateur Radio het die toets van die tyd deur staan, omdat dit gebaseer is op drie belangrike riglyne: kommunikasie tussen mense, deurlopende tegnologie-ontwikkeling en self opvoeding en opleiding."

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas. Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Andy Cairns ZS6ADY, geredigeer deur Vivian Dold ZS6VD en gelees deur .....

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.9A NUUS VIR SONDAG 08rd k ahead